

Maranata – Die Here kom



Is jy besig om met 'n verwagting te leef!!!



Created by Mareesha D.S. © 2008

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Die “Woord” van God!

Leef elke dag saam met Jesus!



Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

Joh 14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Luk 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbyseld van hart is, te genees;

Luk 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



'n Oproep om God te prys

Psa 100:1 'n Psalm. By die lofoffer. Juig voor die HERE, o ganse aarde!

Psa 100:2 Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel.

Psa 100:3 Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

Psa 100:4 Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.

Psa 100:5 Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.



- **Waarom aanbidding?**

- Aanbidding is tot God gerig, ons aanbid nie om te ontvang nie maar om 'n lofoffer aan God te gee.
- Aanbidding is 'n offer uit die hart. 'n Offer wat uitgedruk moet word deur verwondering, lofprysing, blydschap en danksegging.
- Aanbidding is 'n liefdesverklaring as gevolg van 'n verhouding met God (Ons erken dat God ons God is, ons is syne)
- By aanbidding moet daar 'n ontmoeting wees tussen God en Sy mense (Ons gaan hier Sy voorhowe in – Op die plek kom waar ons n ontmoeting met God kan he)
- Ons as God se mense moet weet dat ons liggame tempels is van die Heilige Gees, waarin daar gereeld aanbidding moet plaasvind, maak nie saak waar ons beweeg of onself bevind nie God wil altyd aanbid word – en God wil he, ons moet weet dat Sy goedheid vir ewig is en dat Hy getrou sal bly van geslag tot geslag vir die vir wie Hy n God is.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





LUKAS – Beskryf vir ons meer die menslike kant van Jesus – Jesus as die barmhartige Redder!

1. Jesus het as mens in die krag van die Heilige Gees geleef
2. Jesus was die goeie nuus van blydschap vir alle mense
3. Jesus die goeie nuus vir die armes
4. Lukas – Jesus as die evangelie van sekerheid.

Luk 1:1 Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is,

Luk 1:2 soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het,

Luk 1:3 het ek ook dit goedgevind, hooggeagte **Theófilus**, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe,

Luk 1:4 sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



LUKAS – Beskryf vir ons meer die menslike kant van Jesus – Jesus as die barmhartige Redder!



Die Naam Theofilus (friend of God) (loved by God)

Wat ons kan aflei is dat Theofilus n geeerde man was.

Romeinse offesier, hoogerangde regerings amptenaar in die Romeinse regering, n ryk man met baie invloed in Antiochie wat in Lukas en Paulus se sendingreise voorsien het en daarom het Lukas vir Theofilus noukeurige terugvoering gegee oor waarmee hy en Paulus besig was, Romeinse prokureur wat Paulus verdedig het in sy saak in Rome en sodoende het hy al die inligting vir Theofilus so noukeurig as moontlik neergepen ter verdediging van christenskap, as die teorie reg is het Lukas hierdie briewe geskryf om Paulus wat aangela is te verdedig.

Terwyl die teorie moontlikhede was, blyk dit dat Theofilus n hoe gerangde of invloedbare heiden was vir wie Lukas n volledige en noukeurige brief wou gee oor die geskiedenis van die Jesus Christus om die ewangelie te verkondig en oor te dra in die Romeinse ryk. So ons weet nie regtig wie Theofilus is nie, wat ons wel kan se is dat Lukas noukeurig ondersoek gaan instel het oor alles wat onder hulle vervul was.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



LUKAS – Geboorte van Johannes word aangekondig. Lukas 1:5-25

Luk 1:5 Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaría, uit die afdeling van Abía; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet.

Luk 1:6 En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik gewandel.

Luk 1:7 En hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was en albei op ver gevorderde leeftyd.

Luk 1:8 En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling,

Luk 1:9 het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand.

Luk 1:10 En die hele menigte van die volk was buite, besig om te bid op die uur van die reukoffer.

Luk 1:11 Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan.

Luk 1:12 En toe Sagaría hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval.

Luk 1:13 Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.

LUKAS – Geboorte van Johannes word aangekondig. Lukas 1:5-25

Luk 1:14 En hy sal blydschap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees;

Luk 1:15 want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.

Luk 1:16 En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.

Luk 1:17 En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.

Luk 1:18 Toe sê Sagaría vir die engel: **Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd.**

Luk 1:19 En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.

Luk 1:20 En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.

Luk 1:21 En die volk het op Sagaría bly wag en was verwonderd dat hy so lank in die tempel vertoef.

LUKAS – Geboorte van Johannes word aangekondig. Lukas 1:5-25



Luk 1:22 Maar toe hy uitkom, **kon hy met hulle nie praat nie**; hulle bemerk toe dat hy 'n gesig in die tempel gesien het. En hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly.

Luk 1:23 En toe die dae van sy diens vervul was, het hy huis toe gegaan.

Luk 1:24 En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg en gesê:

Luk 1:25 So het die Here met my gedoen in die dae toe Hy my aangesien het om my smaad onder die mense weg te neem.



Is jy op die plek waar God Hom aan jou kan openbaar?



1. En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die **gebooie** en regte van die Here onberispelik gewandel. (Joh 14:21 **Wie my gebooie het en dié bewaar**)
2. Elisabet **onvrugbaar** was en albei op **ver gevorderde leeftyd**. Nie Sagaria of Elisabet was negatief oor die feit dat hulle nie n kind gehad het nie, hulle het volhard en God met alles vereer en gedien en God vertrou! Moenie ophou bid, glo en vertrou as jy nog nie ontvang het waarvoor jy bid nie! God hoor jou wees jy net getrou, maar leef volgens Sy gebooie (Woord)!
3. Sagaria het **priesteramp** voor God te bedien. **Priester – Bybelse tempeldienaar.**
Alhoewel hulle kinderloos was, het Sagaria nogsteeds God se werk gedoen waarvoor hy geroep was!
Baie keer se mense as God dit doen sal ek dit doen!
4. **Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here**, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan. Reukofferaltaar – Altaar waarop iets verbrand word om n aangename reuk te versprei.
(1Ch 6:49 Maar Aäron en sy seuns het offerrook laat opgaan op die brandofferaltaar en op die reukofferaltaar, vir al die werk in die Allerheiligste en om versoening te doen vir Israel, net soos Moses, die kneg van God, beveel het.)
Hoe klink my en jou reukoffer gebed voor die Here vanoggend.

Beantwoording op n Gebed!



5. Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou **gebed** is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.

(Joh 14:21 Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.) Beantwoording op n gebed!
Wanneer God voorsien, voorsien God!

Luk 1:14 En hy sal blydskap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees;

Luk 1:15 want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.

Luk 1:16 En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.

Luk 1:17 En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.

Kruip jy agter jou gebrek weg: Jy wil God nie 100% dien nie, Jou lewe bestaan net uit verskonings !



6. Jy het dalk nog nie ontvang waarvoor jy gebid het nie want jou geloof is te klein, jy bid dalk vir iets groots en God wil dit vir jou gee, maar omdat jy twyfel weerhou God jou van jou begeerte.

Luk 1:18 Toe sê Sagaría vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd.

Luk 1:20 En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.

Luk 1:22 Maar toe hy uitkom, kon hy met hulle nie praat nie

Jy is ook vanoggend stom en kan nog nie saam met kinders van die Here getuig oor die goedheid en groot mag van God nie, want jy kruip agter jou gebrek weg!